## 16 Augustus Matteus 10:26-11:1

### *Versterk om te getuig*

Hoekom het die gebruik van die Nagmaal vir ons soveel betekenis? Die belydenis dat ons met God versoen is, versterk ons om 'n ondeurdringbare linie teen die stukkende wêreld in ons en om ons te vorm, veral as dit daaroor gaan dat dit my voorneme is om die betekenis van vrede vir iemand anders oor te dra.

Dis nie moontlik om die vrede van Christus te bring sonder diepe konflik in jou eie hart en konflik met ander nie. Jy moet vrede maak met jouself en jy moet vrede maak daarmee dat die boodskap van vrede ook onvrede bring (vers 35). Jy mag jouself en vir hulle wat jy lief is nooit belangriker ag as om te getuig van die vrede van Christus nie. En dis nie maklik nie, dit bring stryd. Dit is 'n fout om te dink jy spaar jou kind en jy behou vrede omdat jy stilbly oor sy goddelose lewe. Dis nog moeiliker om van ware vrede te getuig teenoor die goddelose wêreld. Christus se vrede steek ook brande aan in die wêreld. As ons innerlike konflik belewe wanneer ons die naam van Christus aan mekaar moet bely, hoe groter konflik en onvrede sal ons nie belewe as ons die naam van Christus moet bely teenoor hierdie gebroke wêreld nie? Die Here versterk ons op hierdie pad met die bemoediging van vers 32. Moenie terugdeins vir die gebrokenheid in jou eie lewe, die gebrokenheid in jou eie mense se lewens, maar ook die in die wêreld aan te spreek nie. Die konflik wat dit bring maak plek vir ware vrede.

Sing: Psalm 16:5 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)